

Visie: Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik
Missie: Geloof, Koinonia en Getuienis

Jaargang 21

1ste Kwartaal 2020

ALLES VIR JESUS

-- Fil.1:21 "Om te lewe is vir my Christus"

Ek wil die stelling waag; BEKERING BRING PYN EN GENESING. Ons sien dit in die lewe van Paulus. Paulus se bekering was vir hom n pynlike ervaring. Die oomblik toe hy voor Christus gestaan het, het sy lewe soos 'n kaartehuis op die grond aan die voete van Jesus geval. Ja, ware bekering is 'n moeilike ervaring. Dit konfronteer jou met jou ware self. Wanneer God se lig op jou skyn, dan word die donker binne in jou sigbaar. Dan sien jy dat jou hele lewe een groot blufspel is.

Gelukkig is elke bekering ook 'n GENESENDE ervaring. SEER JA. Maar dit is ook die oomblik dat jy die soet waters van God se nuwe lewe proe, want jy is immers van dan af in die reddende teenwoordigheid van Jesus Christus. Dit is immers HY wat Sy lewe vir stukkende mense soos ek en jy kom weggee het. Hy staan nou voor jou met uitgestrekte arms om jou moeë liggaam op Sy skouers te tel en terug te dra na die Vaderhuis met sy baie woonplekke. Hoe dit ookal sy, as ons moes verduur wat Paulus alles te beurt geval het, sou ons waarskynlik eenkant in n hoekie met selfbejammering gaan sit het en in die dieptes van depressie versink het. Die vraag is; Hoe het Paulus dit dan reggekry om in sy swaarkry te skryf wat ons hier lees; "EK is bly. EN ek sal my ook verder verbly".



Ons moet onthou Paulus is in die tronk (waarskynlik in Rome) waar hy hierdie brief skryf. Hy wag op die uitspraak van die Romeinse regter en hou rekening met die moontlikheid van 'n doodvonnis (vers 20). Hy is egter oortuig daarvan dat niks hom van sy blydschap sal beroof nie. En sy geheim is: 1. Hy glo dat alles op sy redding sal uitloop; 2. Omdat die gemeente vir hom bid en 3. Omdat die Gees van Jesus CHRISTUS hom bystaan (v 19). En dan vind ons seker een van Paulus se mooiste getuienisse in die hele Bybel waarin hy vir ons die geheim van sy lewe as't ware opsom; OM te lewe is vir my CHRISTUS'

Christus was die middelpunt van sy lewe.. Dit was sy lewensambisie, Ons begeer almal hierdie nuwe lewe in Christus. Ons sê maklik ek glo in JESUS. Maar weet jy, Jakobus sê die duiwel glo ook in Hom (Jak.2:19). Nee, ons geloof moet deur ons daade bevestig word of anders is die geloof dood (Jak.2;17).

Is dit nie maar so dat ons bereid is om ons afskeptydjies vir die Here te gee nie? NEE, die Here vra ALLES, want Hy het Sy ALLES vir jou en my gegee. SY HEMELSE HEERLIKHEID HET HY VERLAAT, 'n DIENSKNEGGESTALTE AANGENEEM, 'n LYDENSPAD GELOOP, HAAT, SPOT EN VERNEDERING VERDUUR EN UITEINDELIG GESTERF AAN 'n VLOEKHOUT - DIE KRUIS OP GOLGOTA as 'n openbaring van GOD SE LIEFDE VIR JOU EN MY. Hy is dit werd dat ek my ALLES vir Hom sal gee -ook my tyd- al is my omstandighede ook hoe moeilik.

Miskien sal die Here nooit vir jou vra om vir Hom te sterwe nie. Wat Hy wel vra, is dat ons vir Hom sal LEWE.

Twee maande van 2020 lê al op sy rug. Mag die res van die jaar vir jou staan in die teken van persoonlike pligsaanvaarding en mag dit jou gebed wees: *HERE JESUS omskep my woorde in daade. Ek is bereid om ALLES vir U op te offer.*

GROETE. Chris Myburgh.

(Groete aan almal van ds Chris en Hannah. Dit gaan goed met hulle maar die jare eis maar sy tol. Al moet ds Chris deesdae 'n kiere gebruik, kon hy nog sy laaste preek op sy 86ste verjaarsdag lewer – steeds sonder notas!!)

NUWE INTREKKERS

Hartlik welkom aan die volgende lidmate wat die afgelope kwartaal by die gemeente aangesluit het. Ons vertrou julle is reeds tuis hier en dat julle verblyf in die gemeente geseënd sal wees.

Naam	Van	Adres	Vorige Gemeente	Wyk	Kontaknr
Piet en Emma	Booyens	Presidentstraat 17	Hervormde Kerk	De Villiers	082 7001323 082 4001345
Ann	Van Huyssteen	Grensstraat 41B Nr 4	NG Klipkerk, Vereeniging	Van Coller	083 9987713
Hannes	Cilliers	Grensstraat 41B Nr 4	APK – Hugenate-Vallei	Van Coller	062 1500453
Marié	Jacobsz	Vaal Estate 10	NG Kerk Kroonstad-Noord	Villa Riviera	078 6738714
Braam en Isamari	Cilliers	The Villa 9	Meyerhof, Bothaville	Johanna	072 7794079

Humor is 'n kalmeermiddel sonder newe-effekte. Arnold Glasgow

ONS SENIOR BURGERS - 80 JAAR EN OUER

Ons mooiste wense vir hierdie nuwe lewensjaar. "En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee." Kol 3:15

JANUARIE

07 – Una Erasmus (87): Bly nou in Sally Martin Park. Aanhoudende hoes is onder beheer.

09 – Tineke Botha (85): Het geval en in die hospitaal beland, maar dit gaan nou weer beter.

FEBRUARIE

02 – Karel Hammond (84): Het rumatiek en kanker het versprei maar dit gaan redelik goed en hy is gelukkig by sy dogter wat hom versorg.

17 – Coenie Pullen (88): Kry inspuittings vir 'n probleem met haar oog , maar dit is 'n lang proses. Kan nie goed sien nie. Verder gaan dit goed.

19 – Hettie Wessels (88): Bene is pynlik, loop baie moeilik, maar verder gaan dit redelik goed met haar gesondheid.

22 – Van Janse van Rensburg (93): Dit gaan beter onder omstandighede.

24 – Joan James (83): Dit gaan baie goed, geen klagtes nie.

29 - Hannah Visser (84): Rug gee probleme, maar verder gaan dit goed.

MAART

01 – Isabel Cruywagen (83): Sy is nog baie bedrywig en aan die gang en het geen ernstige klagtes nie.

06 – Kobus Cronje (86): Baie dankbaar dat dit ten spyte van hoë ouderdom nog goed gaan.

08 – Coenraad De Jager (95): Hy oefen nog gereeld "daar by Hendrik" en dit gaan beter. Hy is weer gesond.

11 – Piet Beukes (80): Dit gaan baie goed. Ten tye van die oproep was hy in die gimnasium "besig om met gewigte te oefen"!

14 – Hannie van Eeden (83): Dankbaar dat dit goed gaan. Het twee heupvervangings gehad en loop nog moeilik, verder alles wel.

23 – Pierre Boulogne (80): Dit gaan goed, doen nog self allerhande ysterwerk en ook motoronderhoud.

27 – Babsie Stone (83): Gaan goed, osteoperose gee probleme maar sy bly nog aan die gang.

30 – Willie Burger (83): Met sy gesondheid gaan dit goed. Hy het nie klagtes nie en baie om voor dankbaar te wees.

30 – Louis van Zyl (81): Dit gaan baie goed. Hy en sy vrou doen nog self al die werk in en om die huis. Bly besig, dit is goed vir die gesondheid!

KONTAKBESONDERHEDE

Kontak asseblief die kerkkantoor by 056 811 5316 of stuur 'n e-pos aan ngparyswes@gmail.com indien enige van jou kontakbesonderhede verander het.

VALENTYN PIK-EN-PROE – 14 FEBRUARIE 2020

Gemeentelede en vriende het weer op Vrydagaand, 14 Februarie 2020 met verskeie disse in die hand opgeruk na die kerksaal vir Parys-Wes se Valentyns pik-en-proe. Die verskillende disse is uitepak en almal het teelepelgewys lekker saam gesmul en gekuier. Die saal is feestelik voorberei en die dames het heerlike geregte voorgesit. En die nagereg was weereens 'n gepaste afronding van 'n goeie ete!

Terugvoer is dat dit weereens 'n heerlike kuieraand was met genoeg om te eet. Dit is ook goed om te hoor dat daar

mense was wat dit vir die eerste keer bygewoon en dit geniet het.

Baie dankie aan almal wat die aand saam geniet het en 'n spesiale dankie aan diegene wat die aand gereël het en hulle wat die heerlike kos wat voorgesit is, gemaak het. (Foto: Ina)



KERSKOSPROJEK 2020

Dit is met groot dankbaarheid dat die Diensgroepe Getuienis en Diens van Barmhartigheid kan berig dat, met die samewerking van ons gemeente, die 2020 Kerskosprojek weereens 'n reuse sukses was. Danksy almal se steun is die mooi bedrag van **R14 650** en 'n klompie nie-bederfbare produkte

ingesamel en ons kon aan elk van die gesinne in ons gemeente en by die NG Kerk in Schonkenville, wat maandeliks kospakkies en ondersteuning van ons gemeente ontvang, 'n behoorlike kospakkie vir die Kerstyd gee. Hierdie pakkies word telkens met dankbaarheid ontvang.

Daar is weer meer ingesamel as wat die Diensgroepe nodig gehad het vir die kospakkies. Die balans



word nou gebruik om nie-bederfbare produkte aan te koop waarmee ons deur die loop van die jaar vir die gesinne 'n bietjie meer kan gee as wat die beskikbare fondse die Diensgroepe sou toelaat. Daar is byvoorbeeld reeds drie maande se mieliemeel (75x5kg) vir die kospakkies by **Tau Rollermeule** aangekoop en hulle het vir ons dieselfde hoeveelheid geskenk. Ons is baie dankbaar teenoor **Tau Rollermeule** vir hierdie bydrae. Hulle het ook in die voorafgaande maande 'n bydrae vir die kospakkies gemaak en dit word hoog op prys gestel.

Baie dankie aan elkeen wat bygedra het om die projek 'n sukses te maak.

KATEGETE EN KINDERKERK - 2020

Baie dankie aan die volgende persone wat aangemeld het om die kategeese en die Kinderkerk vanjaar te hanteer:

Kategete

Johan Beukes, Hermien Bosman, Santie de Klerk, Krimpie du Preez, Santa Koekemoer, Nelmarie Malan, Wilna Malan, Yolandé Potgieter, Cindy Prinsloo, Maryke Meyer en Koekie van Niekerk

Kinderkerk

Melanie Landman, Hein Potgieter, Wilma van Buren-Scheele en Danielle Venter

Jul diens in die gemeente word waardeer!

Vakansie- program Maart 2020!



KidsGames

Laerskoolkinders, moenie die pret mis nie!

KidsGames is 'n vakansieprogram vir Graad 1 tot Graad 7. Dit behels speletjies en georganiseerde sport, sowel as 'n Bybelprogram.

KidsGames word wêreldwyd aangebied en vir 'n vyfde jaar in Parys!

Datum: 24-27 Maart 2020

Tyd: 07h30 – 17h00

Koste: R320 per kind

Plek: NG-Wes Kerk, Parys

U gasheer:



www.everynationfaithcity.com

Middagete, koeldrank en versnapperings word deur die dag voorsien

Kontakbesonderhede:

Registrasies & Betalings:

Rista 082 735 4342

kidsgamesparys@gmail.com

Navrae:

Calsey: 076 490 4948

Borge beskikbaar vir kinders om KidsGames by te woon – kontak ons gerus om meer uit te vind.

INSTANDHOUDING

Net soos by jou huis, moet daar ook gedurig instandhoudingswerk in en om die kerk gedoen word. Dolf Lategan het 'n paar jaar terug die gate



in Kortstraat herstel. Party het met die tyd weer in gate verander en ander het bygekom. Baie dankie aan diegene wat bydraes gemaak het om die gate in Kortstraat voor die kerk te herstel. Dankie ook aan Afriforum vir hul skenking van 9 sakkies teer wat vir die doel gebruik is. By die kerksaal self, het daar van die teëls in die spens los gekom en dit word ook tans herstel. (Foto : Dries)



Tydens onlangse gesprekke is daar weer bespiegel dat die nuutste vertaling van die Bybel sonder die woord “God” of “Jesus” gepubliseer gaan word. Die eerste gewaarwording is een van skok en dat dit tog seker nie moontlik kan wees nie. Ons ken die vorige en ou vertalings – onthou dit en wil dit tog nie anders hê nie. Natuurlik wonder mens dadelik of dit so kan wees en jy wil meer weet oor hierdie “vreemde moontlikheid” en jy begin soek. Mense word vreeslik opgewerk oor so iets en dit is soms nodig om antwoorde op ‘n ander plek te gaan soek – sonder om die dominee te pla. En gelukkig het ons deesdae ‘n baie sterk soekenjin in die vorm van Google tot ons beskikking.

In antwoord op die woorde “Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling” kry ons die volgende brief van 31 Augustus 2017 deur Quintus Heine van die Bybelgenootskap wat ons onmiddelik weer rustiger laat slaap oor die saak. Dit laat mens ook net weereens besef dat jy moet versigtig omgaan met dit wat op sosiale media versprei word en wat soms in gesprekke geopper word. Om verdere onsekerheid en wonder te voorkom, word die volle artikel geplaas.

Na aanleiding van ou “WhatsApp” -boodskappe van 2012 wat weer die rondte doen oor die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling.

Volgens die boodskappe gaan die naam van Jesus en God in die Nuwe vertaling verwyder word of met kleinletters gespel word. Die persoon wat dit begin het, is nie lid van ‘n erkende kerk nie en ons verstaan nie werklik sy motiewe nie. Die boodskap het egter in 2014 ‘n stille dood gesterf toe die eerste proefuitgawe van die Nuwe Testament verskyn het en almal gesien het dat die boodskap vals is. Die boodskap het skielik weer lewe gekry soos dit maar met aanstuur boodskappe gaan.

Ek wys u graag op die volgende:

Die Bybelgenootskap staan onder gesag van die erkende kerke in Suid -Afrika. Die kerke sal nooit toelaat dat God se naam oneer aangedoen word nie. Die Bybelgenootskap sal dit ook nie doen nie.

Die Bybelgenootskap staan onder gesag van kerke. Feitlik al die Christelike kerke is lede van die Bybelgenootskap. Dit is in opdrag van die kerke dat daar weer na die vertaling van die Bybel gekyk word. Die Bybelgenootskap glo absoluut in die Drie-enige God en in die verlossing van Jesus Christus. Daar is net een God en dit is die Drie-enige God, Vader Seun en Heilige Gees. Daar is net een verlosser en dit is Jesus Christus. Op geen manier sal die Bybelgenootskap die gesag van God, die Heilige Gees en Jesus wil aantast nie. Lees gerus die ware feite van die nuwe vertaling op www.bybeldirektevertaling.co.za. Daar is reeds van die proefvertalings gepubliseer. Die Nuwe Testament en Psalms het reeds 2014 verskyn en indien u dit koop sal u vir uself sien.

Die naam van God word in die nuwe vertaling deurgaans met hoofletters gespél. Daar gaan slegs enkele tekste wees (sekere van die sogenaamde Messiaanse tekste), waar die oorspronklike Grieks en Hebreeus nie by hierdie paar spesifieke tekste hoofletters gebruik nie – ek dink dis 12. **(net soos dit in die 1983 vertaling gedoen is.)**

Om dit 'n vertaling met integriteit te maak moet ons gehoorsaam wees aan die oorspronklike Grieks en Hebreeus. As ons uit ons eie aan die tekste gaan hoofletters gee wat nie daar is nie, tas ons die integriteit van die vertaling aan! Die integriteit van die vertaling is vir ons baie belangrik, want dit is God se Woord waarmee ons werk.

God en Jesus se naam in die Ou en Nuwe Testament word deurgaans met 'n hoofletter gespél soos dit hoort.

Ons is hartseer oor iemand wat 'n wonderlike projek verdag maak vanweë hulle eie onkunde.

Ons sien ongelooflik uit na die betroubare, direkte vertaling van die oudste brontekste beskikbaar.

Ons loof die Here vir die 140 kundiges wat op verskillende maniere daaraan werk. Kom ons bid eerder vir hulle dat die Heilige Gees hulle verstand en hand sal seën en sal vervul sodat God se Heilige Woord vir ons nageslag behoue sal bly!

Bid elke dag vir hulle!

Namens die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Quintus Heine

Streekhoof: Wes-Kaap

31 Augustus 2017

(<https://kaapkerk.co.za/ongegronde-boodskappe-oor-die-bybel-n-direkte-vertaling/>)

Navrae / bydraes vir die Posduif: Hansie – 056 811 4754 / hansieb@lantic.net

DIENSGROEP GETUIENIS BESOEK MPONENG PRIMARY SCHOOL

Op 29 November 2019 het die Diensgroep Getuienis besoek afgelê by Mponeng Primêre Skool in die Dome. Hierdie besoek is 'n jaarlikse instelling om die kinders 'n bietjie te bederf voordat die skoolvakansie begin. Hierdie besoeke is al 'n ou instelling en by die geleentheid is daar al 'n kort boodskap gebring, die kinders het lekker saam met Johan Schulze gesing. Die afgelope paar jaar is die Jesusfilm film in Suid Sotho vir die kinders gewys op hul moderne projeksieskerm wat die Departement daar geïnstalleer het (wat 'n plesier – jy prop net die rekenaar in en daar gaan hy).

Nadat die kinders die film klaar gekyk het hulle heerlijk gesmul aan die vetkoeke, koek en koeldrank wat aan hulle voorgesit is.

Die skolier wat in 2019 die beste presteer het by Mponeng, was **Vuyelwa Sobopha**. Soos gebruikelik, het die Diensgroep weer vir haar 'n Bybel gegee.



TRAP VIR BYBELS

Op Vrydag 21 Februarie het die jaarlikse trap vir Bybels na Bloemfontein weer gebeur. Volgens die Parys Gazette van 27 Februarie het ongeveer 60 fietsryers om 08:30 vanaf die AGS Sion-gemeente vertrek. Nog ryers het op Kroonstad by hul aangesluit. Parys-Wes was ook op die rit verteenwoordig deur Ivan Kukard, Willie Hoffmann en Nico Wassermann. Op die foto is hul saam met ds Barry (wat net kom koffie drink het om hul af te sien) en 'n paar medetrappers. Dankie vir jul trap vir Bybelverspreiding. (Foto : Joan Wassermann)



Vra God om jou te versterk en om vir jou 'n nuwe visie te gee vir die jaar wat voorlê.
"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting". (Jer.29:11)

- Gedagte Almanak

WEBWERF VIR DIE GEMEENTE .

Besoek die webwerf gerus by <http://ngwes.parys.co.za>